

Galasiërs 1:1-5

Die Apostel Paulus se Gesag en Evangelie

1 Paulus, 'n apostel nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het, 2 en al die broeders wat by my is—aan die gemeentes van Galásië:

3 Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus, 4 wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bouse wêreld, volgens die wil van onse God en Vader, 5 aan wie die heerlikheid toekom in alle ewigheid! Amen.

Inleidend

In hierdie openingswoorde van hierdie brief noem Paulus twee sake waarop hy keer op keer terugkeer in hierdie brief – sy apostelskap en die evangelie wat hy verkondig. Tydens sy eerste sendingreis het Paulus die evangelie in die stede in die suidelike deel van Asië – vandag Turkye – verkondig en in die volgende stede kerke geplant: Antiogië in Pisidië, Ikonium, Listra en Derbe. Na sy terugkeer na Antiogië in Sirië – na die gemeente wat hom en Barnabas uitgestuur het – het daar valse leraars in hierdie gemeentes onrus gaan stook. In kort het hulle leer daarop neergekom dat 'n mens nie net in Jesus Christus moet glo om verlos te word nie. Gelowiges moet ook nog die wet van Moses nakom en in besonder die besnydenis ondergaan, dan kan hulle eers verseker weet dat hulle verlos is.

Die valse leraars het nie net die evangelie met hulle valse leer omver probeer gooi nie. Juis deur die valse leer het hulle probeer om Paulus as 'n bedrieër aan die gemeentes voor te stel.

Hierdie eerste vyf verse is die tipiese begin van briewe in die eerste eeu. Die skrywer van die brief stel homself bekend. Daarna noem hy die geadresseerdes. Die aanvang van die brief word afgesluit met 'n groet woord. By Paulus is dit gewoonlik genade en vrede vir julle.

John MacArthur maak die volgende indeling van die brief: Hoofstukke 1 en 2 handel

oor Paulus se gesag as apostel; hoofstukke 3 en 4 handel oor die evangelie van vryheid; en hoofstukke 5 en 6 handel oor die lewe in die vryheid.

Briefaanhef (1:1-5)

Paulus se apostelskap – Verse 1 en 2

1. Paulus, 'n apostel

Die een saak wat juis deur die valse leraars onder skoot gebring is, was Paulus se apostelskap. Sommer in die eerste twee woorde van hierdie brief slaan Paulus die eerste hou op die spyker se kop.

Regdeur die brief herinner Paulus die lesers dat dit hy is wat die brief aan hulle skryf en hy is aan hulle goed bekend:

Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle. Julle het my geen onreg aangedoen nie; maar julle weet dat ek ten gevolge van krankheid van die vlees die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het; en julle het my beproewing in my vlees nie verag of verfoei nie, maar julle het my ontvang as 'n engel van God, ja, as Christus Jesus (Galasiërs 4:12-14 AFR53).

Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie (Galasiërs 5:2 AFR53).

Verder moet niemand my moeite aandoen nie, want ek dra die littekens van die Here Jesus in my liggaam (Galasiërs 6:17 AFR53).

Die valse leraars – natuurlik het ons nie hulle eie woorde nie, daarom maak ons afleidings uit Paulus se reaksie op hulle bespiegelings en valse aantygings – sou die gemeentes baie goed laat verstaan het dat Paulus nie 'n apostel kan wees soos wat hy te kenne gegee het nie. Paulus was nie eers een van Jesus se dissipels tydens Jesus se openbare optrede nie. Inteendeel, Paulus was een van die voorbokke om die kerk van Jesus te vervolg en hy het dit ook met groot ywer gedoen. Buitendien het Paulus mos nie van Jerusalem af na hierdie mense gekom en kerke geplant nie. Hy en Barnabas het van Antiogië in Sirië gekom. Daarteenoor kom die valse leraars – en daarop het hulle nogal aanspraak gemaak om gesag aan hulle woorde te gee –

van die kerk in Jerusalem waar al die ander apostels tog aanvanklik werksaam was.

Paulus het nie oor sy verlede geswyg nie en nog minder het hy dit probeer goed praat. Hierdie valse leraars wat met hulle wettiese godsdiens na die gemeentes gekom het, staan eintlik nog in die skaduwee van Paulus wanneer dit kom by wettiese godsdiens. Paulus was 'n Fariseër wat sy onderrig by Gamaliël, dié leermeester, ontvang het. Hoor hoe skryf Paulus dit in Filippense 3:

As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer. Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër; wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik (Filippense 3:4-6 AFR53).

En ook in hierdie brief noem Paulus sy lewe as Fariseër:

Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het; en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral 'n yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders (Galasiërs 1:13-14 AFR53).

As daar iemand is wat geweet het wat 'n wettiese godsdiens behels en wat geglo het dat dit die eintlike godsdiens is, dan was dit Paulus. Hy was 'n Fariseër by uitnemendheid. En wat 'n omwenteling het die Here Jesus in sy lewe nie veroorsaak nie – 'n gebore en getoë wettiese gelowige word 'n verkondiger van die evangelie en kan nou niks anders as genade preek nie. Hierdie omwenteling is slegs deur Jesus Christus moontlik. Geen Fariseër draai sommer vanself 180° in sy lewe en gesindheid om nie. Net die Here draai iemand so om.

In hierdie brief stel Paulus dit met groot dringendheid en erns dat hy 'n apostel is. In van die ander briewe noem hy sy apostelskap net vlugtig:

Romeine 1:1 : ... **'n geroepe apostel ...**

1 Korintiërs 1:1 : ... **'n geroepe apostel van Jesus Christus deur die wil van God**

...

2 Korintiërs 1:1 : ... **'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God ...** (vgl.

ook Efes 1:1; Kol 1:1; 1 Tim 1:1; 2 Tim 1:1; Tit 1:1).

Wat maak die titel *apostel* so besonders? Dit is hoe Jesus die twaalf onderskei het van al sy ander dissipels. Hulle is geroep, onderrig en uitgestuur met 'n bepaalde opdrag (Luk 6:13; Mark 3:14). Hulle moes die evangelie gaan verkondig. Jesus Christus het hierdie twaalf persoonlik uitgekies en aan hulle 'n bepaalde opdrag gegee. Dus het hulle die gesag gehad om in die Naam van Christus op te tree en te preek. Die titel *apostel* is dus nie een waarmee elke Christen benoem word nie. Christene staan bekend in die Nuwe Testament as heiliges, broers en gelowiges. Apostelskap is nie oordraagbaar nie, daarom is daar nie 'n opvolging van apostels nie. Die enigste wat van die apostels voortgegaan het is die leer van die apostels waarop die gelowiges hulle heelhartig toegelê het (Hand 4:42; vgl. ook Efes 2:20).

Selfs in hierdie brief onderskei Paulus homself as apostel van die ander gelowiges. Hy praat van hulle as **al die broeders wat by my is** (Galasiërs 1:2). Paulus vereenselwig hom met die broeders – hulle glo saam met hom in Jesus Christus en hulle stem saam met wat Paulus nou gaan skryf, maar sonder aarseling noem hy homself eerste **apostel**. Paulus beskou homself as een van die uitverkore groep van die Here Jesus wat apostels genoem word en wat met gesag die evangelie van Jesus kan verkondig.

2. nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het

In die verdediging van sy apostelskap en die gesag waarmee hy skryf gaan hy verder. Hy is nie 'n apostel omdat mense hom dit wysgemaak het nie – nie vanweë mense nie. Die valse leraars sou waarskynlik die gerug versprei het dat die gemeente in Antiogië Paulus wys sou maak dat hy 'n apostel is.

Paulus laat geen moontlikheid vir 'n misverstand nie. Dit is nie mense se praatjies wat hom tot die oortuiging gebring het dat hy 'n apostel is nie. Dit is ook nie mense wat hom aangestel het as apostel nie – nie deur 'n mens nie.

Wat onderskei 'n apostel van 'n ander dissipel van Jesus Christus? Daar is hoofsaaklik twee elemente wat 'n apostel van ander dissipels onderskei. Die eerste

het ons al genoem – Jesus Christus het self die twaalf geroep en aangestel as apostels (Luk 6:13; Mark 3:14). Die ander element word deur die gelowiges genoem wanneer 'n ander getuie gekies moes word om in die plek van Judas Iskariot as apostel te dien. So een moet 'n getuie van Jesus se opstanding wees.

Paulus sê dat hy 'n apostel is omdat hy ook aan hierdie vereistes voldoen. Die opgestane Jesus Christus het aan hom verskyn op die pad na Damaskus. Jesus het daar vir hom gesê dat hy Damaskus toe moes gaan, want daar sal vir hom gesê word wat hy moet doen (Hand 9:3-6).

Luister wat die Here aan Ananias gesê het wat Paulus in Damaskus moes gaan besoek: **Maar die Here sê vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel** (Handelinge 9:15 AFR53). Wanneer Paulus later aan die Korintiërs skryf oor die opstanding van Jesus Christus maak hy die volgende bekend: **Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte; en dat Hy aan Céfás verskyn het; daarna aan die twaalf. Daarna het Hy verskyn aan oor die vyf honderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het. Daarna het Hy verskyn aan Jakobus; daarna aan al die apostels; en laaste van almal het Hy verskyn ook aan my as die ontydig geborene** (1 Korintiërs 15:3-8 AFR53).

Dit is dus duidelik nie net uit Paulus se eie woorde nie, maar ook uit die van Ananias dat die Here Jesus self aan Paulus verskyn het en dat Hy hom gekies het as apostel. Mense het heeltemal niks met sy roeping en aanstelling te doen gehad nie. Dit het gebeur deur Jesus Christus en God die Vader. Selfs sy sending vanaf Antiogië was Goddelik (Hand 13:2).

Paulus se apostelskap kom nie van mense af nie, maar van God die Vader. Hy is nie deur mense aangestel nie, maar deur Jesus Christus wat deur God die Vader uit die dood opgewek is.

Paulus het beslis nie sy apostelskap verdedig omdat hy daarvoor wou roem nie. Dit het vir hom uitsluitlik gegaan oor die evangelie wat hy verkondig het. Indien daar 'n vraagteken oor sy apostelskap geskep kon word, het dit beteken dat sy verkondiging ook nie as te geloofwaardig beskou sou word nie. Dit wou hy ten alle koste verhoed. Hy het immers Jesus Christus as die gekruisigde verkondig wat opgestaan het uit die dood. En hy het hierdie evangelie op gesag van Jesus Christus self verkondig. Later in die brief maak Paulus ook bekend waar hy die evangelie vandaan ontvang het (Gal 1:12).

3. aan die gemeentes van Galásië

Die kerke wat bekend staan as die Galasiërs is die vier kerke wat tot stand gekom het tydens Paulus se eerste sending in Antiogië in Pisidië, Ikonium, Listra en Derbe.

Paulus se evangelie – Vers 3 tot 5

1. Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus

Paulus begin al sy briewe met hierdie woorde, maar dit beteken egter nie dat dit maar 'n betekenislose groetvorm geword het soos ons *Hoe gaan dit* nie. Teologies is hierdie woorde *genade* en *vrede* gelaai.

Genade verwys na die werk wat God alleen doen en niemand gee Hom 'n hand wanneer Hy dit doen nie. Vrede is die resultaat van die genadewerk van die Here. Hy bewys genade aan die mens en die gevolg is dat daar tussen God en die mens vrede kom asook vrede tussen mense onderling en vrede binne-in die mens self. In hierdie twee woorde word die evangelie wat Paulus verkondig opgesom.

Waar vrede die resultaat is van die verlossingswerk wat God deur Christus doen, is genade die bron van die verlossingswerk. Genade is die vrye guns van God aan mense wat dit inderwaarheid nie verdien nie. Hy skenk dit ongeag wie die mens is en wat die mens gedoen het. Die genade en vrede vloei voort uit God die Vader en die Seun.

2. wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bese wêreld, volgens die wil van onse God en Vader

Sonder omhaal van woorde gaan Paulus dadelik oor om op die historiese moment te wys waarin God sy genade ten toon gestel het waaruit die vrede as resultaat voortkom. Dit is die sterwe van Jesus Christus aan die kruis.

Reeds in vers 1 het Paulus daarop gewys dat God die Vader vir Jesus Christus uit die dood opgewek het. Die opstanding is eerste genoem om twee redes. In die direkte konteks is Paulus se apostelskap van hierdie feit afhanklik – 'n apostel is iemand wat getuie van die opstanding van Jesus moet wees. En die tweede rede, die opstanding van Jesus Christus gee inhoud aan die prediking van die apostels en aan die geloof van die Christene (1 Kor 15:12-19).

Vervolgens kyk ons na elkeen van hierdie drie elemente.

2.1 wat Homself gegee het vir ons sondes

Jesus het nie 'n martelaarsdood gesterf nie. Sy dood was ook nie maar net die ongelukkige sameloop van omstandighede of as gevolg van politieke onrus nie. Jesus het Homself gegee om te sterf. Jesus sê self: **Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang** (Johannes 10:17-18 AFR53).

Jesus Christus se dood was nie in die eerste plek 'n bewys van liefde nie, ook nie 'n voorbeeld van 'n heldedaad nie. Dit was 'n offer vir die sonde wat deur die Vader geëis is. Die straf op die sonde is die dood. Alle mense is hierdie dood skuldig, want alle mense is sondaars. Jesus Christus het sy lewe as sondeoffer gegee, sodat mense se sondes vergewe kan word en hulle weer in genade aangeneem kan word. Jesus het vir ons 'n vervloekte geword (Gal 3:13). As die Regverdige wie geen skuld het nie, het Hy die vloek en oordeel gedra wat ons sondes vir ons verdien het.

2.2 sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld

Die rede vir Christus se dood aan die kruis is ons sondes. Die doel vir sy dood is om ons te red uit die teenwoordige bose wêreld. Paulus gebruik die woord wat ons vertaal met *uitred* doelbewus so vroeg in hierdie brief. Dit is dieselfde woord wat

gebruik word in Handelinge as daar gesê word dat die Israeliete uit Egipte uitgered is, en van Petrus toe hy deur die engel uit die gevangenis uitgered is en van Paulus wat uitgered is van 'n opstandige skare (Hand 7:34; 12:11; 23:27). Telkens was die een wat uitgered is geheel en al hulpeloos. Hy kon niks vir homself doen nie. Die een wat die red werk doen, het alles gedoen. Hierdie begrip gee aan die Christelike geloof 'n bepaalde karakter – dit is reddingsgeloof.

Christus se dood red ons uit die teenwoordige bose wêreld. Daarmee is die bedoeling nie om ons uit die wêreld weg te neem nie. Intendeel ons moet in die wêreld bly om sout en lig hier te wees (Matt 5:13-16). Jesus het immers ook gebid dat God ons in die wêreld moet bewaar en nie daaruit wegneem nie (Joh 17:15-16).

Die teenwoordige wêreld is boos as gevolg van die heerskappy wat die duiwel hier voer. Van die sondeval af het die wêreld in 'n selfvernietigende spiraal verval wat alles en almal wil aftrek tot in die dieptes van die duisternis. Uit hierdie ondergang – hierdie teenwoordige bose wêreld – het Christus ons uitgered om nou reeds die nuwe lewe van die toekomstige wêreld te lewe.

2.3 volgens die wil van onse God en Vader

Nadat die rede en doel van Christus se dood genoem is, noem Paulus die oorsprong van sy dood. Dit het volgens die wil van God die Vader gebeur. Om ons uit die bose wêreld te red, en dat hierdie reddingsoperasie deur middel van Christus se dood moet plaasvind, was alles volgens die wil van God.

Hierin word ook duidelik hoe in volkome harmonie die Vader en die Seun se wil is wanneer dit kom by die verlossing van mense. Dit word van vers 1 af gesien. Dat die evangelie van verlossing verkondig moet word deur die gevolmagtigde apostel is in ooreenstemming met die Vader en die Seun se wil (Gal 1:1). Die genade en vrede aan die mense kom van die Vader en die Seun (Gal 1:3). Christus het self sy lewe afgelê – dit is sy wil om vir ons sonde te sterf, maar dit is nie net sy wil nie, dit is ook die Vader se wil.

3. aan wie die heerlikheid toekom in alle ewigheid! Amen.

Alles wat Paulus in hierdie inleidende verse gesê het, het God die Vader en die Seun

vermag sodat God alleen al die eer en heerlijkheid tot in alle ewigheid kan ontvang.

Die feit dat Paulus wat eers 'n vervolger van die kerk van Jesus Christus was nou 'n apostel is wat die evangelie van genade verkondig, is alleenlik aan God die Vader en Jesus Christus te danke. God het Paulus uit sy vroeëre onkunde gered om hom 'n apostel te maak soos Hy van die begin bedoel het met Paulus.

Die feit dat Paulus hierdie evangelie van genade en vrede aan die Galasiërs verkondig het, is net te danke aan die genade van God die Vader en Jesus Christus. God stuur immers sy boodskappers aan wie Hy wil en wanneer Hy wil (Rom 10:14-15).

Die feit dat daar ooit 'n verlossing gekom het vir mense wat gans en al dood en verlore in die sonde was, is alleenlik aan God die Vader en Jesus Christus te danke. Daar was niks in die mens wat God sou oortuig om hulle te red nie. Alleenlik sy liefde en genade is die oorsaak van hierdie verlossing.

Daarom kom alle eer en heerlijkheid God toe tot in alle ewigheid.

Galasiërs 1:6-10

Valse Leraars en Ontroue Galasiërs

6 Ek wonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, 7 terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai. 8 Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! 9 Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees! 10 Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie.

Inleidend

In elkeen van die ander briewe wat Paulus geskryf het, het hy net na die groetdeel van die brief 'n danksegging geskryf. Dit was 'n danksegging aan die Here oor dit wat by die ontvangers van die brief gebeur het. Galasiërs is die enigste brief waar daar nie so 'n danksegging, of lofverheffing, of gebed voorkom nie.

In plaas van die gebruikelike begin van sy brief, val hy dadelik met die deur in die huis. Hiermee word die dringendheid van dit wat hier geskryf word, beklemtoon. Wat in Galasië gebeur het, raak die fondament van die Christelike geloof – dit gaan oor die leer – en is nie maar 'n afwyking in die Christelike lewe nie.

Die Galasiërs se onbetroubaarheid – Vers 6

1. Ek wonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe

Dit is vir Paulus ondenkbaar dat die Galasiërs afvallig geword het. Hy staan verstom oor wat hy hoor daar by hulle gebeur het.

Hulle het afvallig geword. Die woord wat ons met *afvallig word* vertaal word ook gebruik om te vertel dat soldate in opstand gekom het en hulle steun aan hulle

bevelvoerder onttrek het. 'n Mens sal kan praat van muitery. Hulle wil nie meer lojaal wees teenoor hierdie bevelvoerder nie en kies daarom vir hulle 'n ander bevelvoerder. Die woord word ook gebruik om te vertel dat mense hulle politieke sentimente verander het – iets soos 'n mantel swaaier of 'n oorloper.

Die klagte wat Paulus dan teen die Galasiërs het, is dat hulle godsdienstige mantel swaaiers, geestelike muiters is. Hulle het weggedraai van Hom wat hulle deur die genade van Christus geroep het. En nou omhels hulle 'n ander evangelie.

In Handeling 20 noem Paulus die wese van die ware evangelie **die evangelie van die genade van God** (Handeling 20:24 AFR53). Die evangelie is dus die goeie nuus – *evangelie* – van God aan sondaars wat dit nie verdien nie. In genade het God sy Seun gegee om vir sondaars se sonde te sterf. In genade roep God sondaars na Hom toe. In genade regverdig Hy sondaars wat in Jesus Christus glo. Genade is God se werk wat Hy alleen doen – niemand gee Hom 'n hand in hierdie werk nie. Net Hy alleen kan dit doen. Wanneer dit dan by die verlossing van mense kom, tel niks van hulle werke en ywer nie. Verlossing is geheel en al net die genadewerk van God alleen.

Die Galasiërs het hierdie evangelie van die genade van God verlaat vir 'n ander evangelie – 'n evangelie van werke. Die valse leraars wat Paulus se apostelskap en die evangelie wat hy verkondig ondermyn, was Judaïste. Hulle evangelie word in Handeling 15 verwoord: **As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie** (Handeling 15:1 AFR53).

Hulle het nie ontken dat geloof in Jesus Christus belangrik is nie. Hulle het wel gesê dat die gelowiges ook nog besny moet word en die wet onderhou saam met hulle geloof in Christus. Met ander woorde, Moses moet die werk van Christus voltooi. Of anders gesê, jy moet deur jou gehoorsaamheid aan die wet Christus se verlossingswerk vir jou voltooi. Jy moet Christus se onvoltooide werk voltooi.

Paulus duld nie hierdie valse leerstelling nie. Dit is ondenkbaar dat die mens se werke by Christus se werk gevoeg moet word om dit volledig te maak. Christus se werk is op sig self voltooide werk. Die evangelie van Christus is die evangelie van

genade – werk wat God alleen kan doen en ook doen. Verlossing is deur genade alleen, en deur geloof alleen. Die mens se werk kan nie hierby gevoeg of daarmee vermeng word nie.

Let egter op hoe Paulus dit stel. Hy sê nie dat hulle die evangelie van genade verlaat het om 'n ander evangelie aan te hang nie. Hulle het Hom verlaat wat hulle deur die genade van Christus geroep het. Inderwaarheid het die Galasiërs hulle rug op God en op Christus gedraai. Wat Paulus nog meer verstom, is die feit dat hulle so gou van Christus af weggedraai het na hierdie ander evangelie toe.

Wat vir die Galasiërs miskien net na 'n ander standpunt gelyk het, is inderwaarheid 'n totale verlating van God die Vader en van Christus. Om 'n ander evangelie te soek, is om vir Christus te verwerp.

Die valse leraars se optrede – Vers 7

1. terwyl daar geen ander is nie

Die valse leraars wou die Galasiërs laat verstaan dat die boodskap wat hulle verkondig 'n ander een is as wat hulle van Paulus gehoor het – volgens hulle is dit net 'n variasie van dieselfde evangelie. Paulus maak dit egter baie duidelik dat daar nie 'n variasie op die evangelie kan wees nie. Daar is net een evangelie. Daarom het Paulus in vers 6 opgemerk dat die Galasiërs na 'n totaal ander verlossingmetode afvallig geword het wat glad en geheel nie met die evangelie van Jesus Christus ooreenstem nie.

Daar is net een evangelie van genade van God. Dit is die evangelie van Jesus Christus. Daar kan nie 'n ander evangelie wees nie. Die manier van verlossing wat die valse leraars aan die Galasiërs verkondig, is inderwaarheid geen evangelie nie. Evangelie en genade is so ineen vervleg dat dit nie van mekaar geskei kan word nie. Genade is, soos al tevore opgemerk, werk wat God alleen kan doen en niemand sit 'n hand by sodat Hy dit kan doen nie.

Die goeie nuus dat Jesus Christus sondaars verlos het deur aan die kruis te sterf en weer uit die dood op te staan, is werk wat van God die Vader en die Seun uitgegaan

het. Niemand het hulle oortuig om dit te doen nie. Niemand het hulle gehelp om dit te doen nie. Die verlossingswerk wat Jesus gedoen het, is volmaak en volledig. Daar kom niks kort nie.

Die valse leraars verkondig dat die mens deur middel van die onderhouding van die wet en in besonder deur die besnydenis die werk van Christus afhandel en voltooi. Nou kan dit nie meer genade genoem word nie, want die mens sit dan 'n hand by om verlos te word. Daarom kan die valse leraars se verkondiging nie evangelie genoem word nie.

David Guzik merk op dat hierdie dan die eerste van drie feite is aangaande die sogenaamde ander evangelie wat aan die Galasiërs gebring is – dit is 'n onwettige evangelie, want daar kan nie 'n ander evangelie wees nie. Die ander twee feite wat in vers 7 genoem word, is: die verwarring wat hierdie sogenaamde evangelie veroorsaak, en die verdraaiing van die werklike evangelie wat plaasvind.

2. behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring

Die valse leraars het met hulle verkondiging die Galasiërs in die war gebring. Hulle sogenaamde evangelie het die gelowiges onrustig gestem in die gemoed, aan die een kant, en aan die ander kant het hulle veroorsaak dat daar onrus in die gemeentes gekom het.

Natuurlik het die valse leraars nie hulle boodskap geadverteer as een wat moeilikheid in die gemeentes gaan veroorsaak nie. Hulle het hulle voorgedoen as mense wat opreg omgee vir die gelowiges. En hulle het sommige gelowiges oortuig dat hulle net 'n regstelling op Paulus se verkondiging aan hulle bring.

David Guzik haal die volgende kommentaar van Martin Luther aan:

“Note the resourcefulness of the devil. Heretics do not advertise their errors. Murderers, adulterers, thieves disguise themselves. So the devil masquerades all this devices and activities. He puts on white to make himself look like an angel of light.”

Dit is opmerklik dat die vergadering in Jerusalem hierdie selfde woord wat ons vertaal met *in die war bring* gebruik in die brief wat hulle na die vergadering aan die

kerke gestuur het. **Aangesien ons gehoor het dat sommige wat van ons uitgegaan het, aan wie ons geen opdrag gegee het nie, julle met woorde ontstel en julle gemoedere verontrus deur te sê dat julle besny moet word en die wet moet onderhou** (Handelinge 15:24 AFR53).

Hierdie tweede feit bring dan juis die duidelike verskil tussen die evangelie en die valse leer van die Judaïste na vore. Die evangelie bring rus en kalmte aan die hoorders wat die evangelie aanneem en in Jesus Christus glo. Die valse leraars se boodskap veroorsaak onrus in die gemoed en twis onder die gelowiges.

3. en die evangelie van Christus wil verdraai

Die derde feit wat in vers 7 gestel word, is dat die valse leraars die evangelie van Christus wil verdraai. Paulus stel dit baie duidelik dat dit nie die evangelie van Paulus is nie maar die evangelie van Christus. Inderwaarheid is dit sy evangelie maar net omdat hy as apostel (ambassadeur) dit verkondig. Hy kan net verkondig wat aan hom opgedra is om te verkondig.

Die wyse waarop Paulus stel wat die valse leraars probeer doen het, wys die slinksheid van die valse leraars en hulle leermeester – die Satan – uit. Hulle het nie 'n ander God en 'n ander Christus kom verkondig nie. Hulle gebruik die Name van die Vader en die Seun wat aan die Galasiërs bekend is, maar gee aan die werk van die Vader en die Seun 'n ander inhoud. En dit is juis omdat hulle woorde en name gebruik wat bekend is, wat hulle valse leer so misleidend maak.

Hulle wil die evangelie van Christus verdraai. Die woord wat ons vertaal met *verdraai* kan ook vertaal word met *omdraai* of *omkeer*. Deurdat hulle die evangelie verdraai wil hulle die verlossing inderwaarheid in trurat sit. Hulle keer alles heeltemal onderstebo en agterstevoor. Dit is onmoontlik om aan die evangelie toevoegings te maak sonder om dit totaal te verander na iets heeltemal anders wat dan in werklikheid geen evangelie is nie.

Die vraag ontstaan tog by 'n mens: Hoekom sal 'n mens die evangelie van Christus wil verander? Om te weet hoekom mense die evangelie van Christus wil verander, moet 'n mens eers verstaan wat die evangelie is. Paulus skryf aan die Korintiërs wat

die evangelie in wese is: **Broeders, ek maak julle die evangelie bekend wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aangeneem het, waarin julle ook staan, waardeur julle ook gered word as julle daaraan vashou op die wyse waarop ek dit aan julle verkondig het, of julle moet tevergeefs geglo het. Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte** (1 Korintiërs 15:1-4 AFR53).

Na aanleiding van wat die evangelie werklik is, gee David Guzik drie redes hoekom mense die evangelie wil verdraai:

Daar is in die evangelie iets wat die mens teen die bors stuit:

1. Die evangelie gaan teen die mens se trots in. Die evangelie vertel dat die mens 'n Verlosser nodig het omdat die mens homself nie kan verlos nie. Die evangelie gee geen erkenning aan die mens se waardigheid of prestasies nie, want dit tel niks by die verlossing nie. Jesus Christus doen alleen die verlossingswerk.
2. Die evangelie gaan teen die mens se wysheid in. Die mens word verlos op 'n manier wat vir hom na dwaasheid lyk – die Seun van God word 'n mens en sterf 'n vernederende, veragtelike dood vir die mens.
3. Die evangelie gaan teen die mens se kennis in. Die evangelie vertel die mens om in iets te glo wat teen sy wetenskaplike kennis en persoonlike ervaring ingaan – dat 'n man wat gesterf het, Jesus Christus, uit die dood opgewek is en 'n verheerlikte liggaam het wat nooit weer kan sterf nie.

Enige verandering aan die evangelie sal die kerk onrustig maak en strydende faksies veroorsaak. Die kerk kan nie onaangeraak bly as die evangelie aangetas word nie. Die verwarring kom dus nie van buite deur die wat die kerk bespot en vervolg nie, maar van binne deur die wat die evangelie wil verdraai. Die enigste manier om 'n goeie en betroubare dienskneg van die Here te wees, is om die evangelie suiwer te leef en te verkondig soos wat die Here dit in sy Woord aan ons openbaar.

Vervloeking oor 'n verdraaier van die evangelie – Vers 8 en 9

1. Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!

Tot dusver is dit duidelik wat die omstandighede in die kerke in Galasië was. Valse leraars het die evangelie van Christus probeer verdraai, sodat daar in die gelowiges se gemoed verwarring gekom het en onderling het daar 'n gestry ontstaan. Nie al die gelowiges is geredelik deur die valse leraars oorgehaal nie (Gal 5:3, 15).

Paulus se eerste reaksie op hierdie afvalligheid van die Christene was een van verbasing (Gal 1:6). Dit is inderdaad verstommend hoe Christene wat aanvanklik met oorgawe en ywer aan die waarheid vasgehou het, so maklik van die waarheid afvallig kan word wanneer hulle storiëtjies hoor wat vir hulle meer aanvaarbaar klink as die evangelie van Jesus Christus. Soos wat Paulus later skryf, dit lyk asof iemand hulle getoor het (Gal 3:1). Dit is inderdaad wat gebeur. Die duiwel verontrus die kerk deur middel van valsheid en boosheid. Indien hy die Christene nie kan oorhaal om sonde te doen deur afskuwelik te lewe nie, begin hy hulle met 'n valse leer verlei.

Paulus se tweede reaksie is een van uiterste verontwaardiging oor die valse leraars oor wie hy 'n vervloeking uitroep. Die vervloeking wat Paulus oor die valse leraars uitroep, herinner aan die banvloek wat die Here in die Ou Testament onder andere oor Jerigo (Jos 6 en 7) en die Amalekiete (1 Sam 15) uitgeroep het. Trouens die Hebreeuse woord wat ons vertaal met *banvloek* is in die Septuaginta (die Griekse vertaling van die Ou Testament) ook met hierdie Griekse woord vertaal wat ons in Afrikaans vertaal met *vervloeking*.

Onder die banvloek moes alles wat lewendig is doodgemaak word en al die ander goed van waarde moes aan die Here gewy word. Die verhaal van Agan (Jos 7) illustreer juis wat die Here met die banvloek bedoel. Agan het van die goed wat aan die Here behoort onder die banvloek vir homself gevat – hy het dit gesteel. Uiteindelik is Agan en al sy huismense en diere met klippe doodgegooi en alles wat aan hom behoort is op die Akorlaagte verbrand.

Paulus roep dus so 'n uiterste vernietiging – 'n vervloeking – af op die valse leraars wat die kerke in Galasië in verwarring gebring het met hulle valse leer. Hy bid die Goddelike ban oor hierdie valse leraars af. Die kerke moet nie met hierdie valse leraars en hulle leer saamgaan nie, want hulle is deur God verwerp (2 Joh 10-11).

Vir die mens se sogenaamde beskaafde oor van die een en twintigste eeu klink hierdie vervloeking verskriklik wreed. Sommige mense sou Paulus ook van kleinlike afguns teenoor die valse leraars wou beskuldig. Daarom word daar gevra hoe so 'n roep om vervloeking met die Christelike lewenstyl vereenselwig kan word? Of moet 'n mens dit maar verstaan as 'n uitdrukking van die tyd? Daar is egter twee dinge wat in ag geneem moet word voordat 'n mens hierdie roep om vervloeking as Paulus se persoonlike galle braak kan bestempel.

Ten eerste, hierdie vervloeking van God wat Paulus afroep op die valse leraars is universeel in sy omvang. Paulus roep die vervloeking af op enigeen wat die evangelie van Christus wil verdraai. In vers 9 praat hy net van **iemand**. By Paulus kan daar geen uitsondering wees nie. Wie ook al die evangelie wil verdraai, moet 'n vervloeking wees. In vers 8 betrek hy selfs die engele in die hemel en homself. Paulus se ywer vir die evangelie van Christus is so groot dat hy oor homself die vervloeking afroep, indien hy daaraan skuldig sou wees om die evangelie te verdraai. Die feit dat Paulus homself onder so 'n vervloeking betrek, maak dit duidelik dat dit nie oor persoonlike vergelding of venyn gaan nie.

Ten tweede, roep Paulus hierdie vervloeking af in verantwoordelikheid teenoor God. Die feit dat Paulus hierdie vervloeking twee maal afroep, maak dit duidelik dat dit nie sommer 'n bevlieging is wat hy gekry het en 'n ding gesê het sonder om mooi daarvoor na te dink nie. Hierdie is beredeneerde woorde wat hy neergeskryf het. Sy standpunt oor die verlossing alleen deur Christus, alleen deur die geloof en slegs tot eer van God is onveranderlik. Die evangelie wat Paulus verkondig is waar, nie omdat Paulus dit verkondig nie; dit is waar omdat hy dit van Christus self ontvang het.

Paulus weet baie goed dat die verkondiging van die valse leraars niks goeds kan inhou nie. Hy het vroeër self die oorgelewerde leer van die voorvaders aangehang

en met groot ywer verdedig. Maar daardie leer bring geen verlossing nie. Dit bring net verslawing mee en uiteindelik die dood. Daarom kan Paulus nie hard genoeg vir die Galasiërs sê om hulle oë oop te maak en wakker te skrik nie.

Paulus geen soeker na mense se guns – Vers 10

1. Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag?

Hierdie vraag van Paulus het as agtergrond moontlik die beskuldiging van die valse leraars teen hom. Hulle sou kon sê dat Paulus se verkondiging daarop gemik is om mense se guns te wen. Dit wil sê, om so te preek en sulke onderwerpe aan te roer, sodat hy 'n gehoor sou trek.

Die tweede vraag bedoel om te vra of sy prediking bedoel was om te sê wat die mense graag wou hoor. Dit wil sê, om nie die moeilike sake en die sake wat mense konfronteer te hanteer nie, maar eerder te preek wat die mense graag wil hoor.

Teenoor om mense se guns te wen en te preek wat hulle graag wil hoor, stel Paulus ook die vraag of sy prediking nie eerder daarvan getuig dat hy doen wat die Here hom opgedra het nie.

Die antwoorde op die vrae of hy mense se guns soek of mense wil behaag, is in albei gevalle *nee*. Iemand wat mense se guns soek, sal nie so 'n verdoemende uitspraak oor die valse leraars gemaak het nie. Sy aanslag sou ook baie sagter gewees het as waarmee hy in vers 6 begin het. Hy begin immers om die Galasiërs te verkwalik dat hulle afvallig geword het van God die Vader en van Jesus Christus. En oor iemand wat die evangelie van Christus wil verdraai, het hy nie 'n goeie of 'n sagte woord te sê nie.

2. As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie.

Vir Paulus is net een van twee dinge moontlik: of jy wil mense tevrede stel met jou prediking, of jy is 'n dienskneg van Christus. Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie (Matt 6:19-24). As 'n dienskneg van Christus is dit vir Paulus duidelik en

eenvoudig, sy prediking moet wees tot eer van God die Vader omdat dit in ooreenstemming is met dit wat hy van Christus self ontvang het. Dit is juis in verantwoordelikheid teenoor God dat Paulus sy woorde weeg en oorweeg en uiteindelik 'n vervloeking uitspreek oor hulle wat die evangelie van Christus wil verdraai.

Die woord wat Paulus gebruik om homself te beskryf *dienskneg* wat letterlik *slaaf* beteken, maak die erns van die saak soos wat Paulus dit verstaan nog duideliker. 'n Slaaf kan nie kies of hy sy dienste aan sy eienaar gaan lewer of nie. Vir 'n slaaf is daar geen keuse nie. Hy voer dood eenvoudig die opdragte uit – of hy nou self daarvan hou of nie. 'n Slaaf het dus nie die vrye keuse om diensbaar te wees nie.

Op die vraag: Hoekom het Paulus so sterk gevoel en sulke sterk taal gebruik?, is daar twee redes. Ten eerste, die eer van Christus is op die spel. Wanneer daar verkondig word dat die mens iets moet doen met betrekking tot sy verlossing, word Christus se volmaakte werk verkleineer. Daar word dan te kenne gegee dat Christus se verlossingswerk onvoldoende is en daarom moet die mens iets doen om dit te verbeter. Effektief beteken dit dat die kruis dan oorbodig was (Gal 2:21).

Ten tweede, die behoud van mense was hier op die spel. Paulus skryf nie oor 'n kantlyn saak of jy moet staan of sit wanneer jy bid nie. Dit gaan hier oor die fundamentele aspek van verlossing. Paulus weet dat as jy Christus los om 'n ander wyse van verlossing vir jouself uit te werk, loop dit uit op verlorenheid, want jy draai in werklikheid jou rug op Christus.

Paulus het dus nie uit beteweterigheid en van bo-af mense voorgesê nie. Dit was uit liefde vir God en liefde vir mense dat hy met soveel erns oor die saak skryf.

Galasiërs 1:11-24

Die Oorsprong van Paulus se Evangelie

11 Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. 12 Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus.

13 Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het; 14 en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral 'n yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders.

15 Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, 16 om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie, 17 en ook nie na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus.

18 Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly; 19 en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here. 20 En wat ek julle skryf—voor die aangesig van God, ek lieg nie!

21 Daarna het ek gekom in die streke van Sírië en Cilícië; 22 en ek was persoonlik onbekend by die Christelike gemeentes van Judéa; 23 hulle het net gehoor: hy wat ons vroeër vervolg het, verkondig nou die geloof wat hy vroeër besig was om uit te roei. 24 En hulle het God verheerlik in my.

Inleidend

In die vorige vyf verse het Paulus dit baie duidelik gestel dat daar net een evangelie is. Enigiets wat as 'n verandering aan die evangelie voorgestel word, is in werklikheid geen evangelie nie. Die evangelie word egter gekenmerk deur die genade van God in Christus. En soos dit nou al by verskeie geleenthede gesê is, genade is God se werk alleen. Niemand sit 'n hand by om God te help wanneer Hy sy genade tot

uitvoer bring nie. Hierdie enigste evangelie van Christus is ook die toetsteen waaraan alle menslike opinies getoets behoort te word.

Die volgende vraag is, waar kom hierdie evangelie wat Paulus verkondig vandaan? Wat maak dat hierdie evangelie as toetsteen dien waaraan alle boodskappe en opinies getoets moet word? Hierdie evangelie is inderdaad indrukwekkend. Dwarsdeur al die briewe wat Paulus geskryf het, is daar eenstemmigheid. Maar waar het Paulus aan hierdie evangelie gekom?

Die valse leraars was van die oortuiging dat Paulus self hierdie evangelie uitgedink het, of hy maak gebruik van ander mense se vrugbare denke. In die volgende twee verse gee Paulus 'n antwoord op hierdie tergende vrae.

Die oorsprong van die evangelie – Verse 11 en 12

1. Maar ek maak julle bekend, broeders

Paulus praat nou uitsluitlik met die gelowiges – hulle wat die evangelie glo soos wat hulle dit ontvang het, en ook hulle wat aan die twyfel is of die valse leraars nie tog 'n punt beet het nie en met hulle wat reeds die storietjies van die valse leraars vir soet koek opgeëet het. Omdat Paulus regtig vir die gelowiges in Galasië omgee en hy weet dat hulle lewens – hulle ewige bestemming – op die spel is, kom daar deernis van 'n pastor in die klank van sy woorde deur. Hy spreek hulle aan as broeders. In sy hart is hy daarvan oortuig dat hulle eintlik nog saam met hom dieselfde geloof in Christus deel.

Wanneer Paulus sê **Maar ek maak julle bekend**, wil hy dit wat hy nou gaan sê baie duidelik aan hulle oordra. Hy wil hê dat hulle baie goed sal verstaan wat hy nou gaan sê. Hierdie frase sou ook soos volg vertaal kan word: Ek wil dit heeltemal duidelik maak aan julle, broeders ...

2. dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie

Die evangelie wat deur Paulus aan die Galasiërs verkondig het, is nie volgens die mens nie (letterlik vertaal). Die evangelie is nie 'n uitvindsel van die mens nie. Daarmee maak Paulus dit duidelik dat die evangelie nie deur hom uitgedink is nie.

Dit is ook nie deur iemand anders uitgedink nie.

'n Boodskap wat as 'n sogenaamde evangelie deur mense aangebied word wat wel deur mense uitgedink is, sal met die menslike logika ooreenstem. Dit sal nie vir mense iets onbegryplik wees nie. Dit sal ook nie iets wees wat mense maklik aanstoot oor sal neem nie.

Die evangelie is daarom nie 'n poging van die mens om na God toe uit te reik of God en sy werke te verklaar nie. Dit is juis andersom, maar Paulus sê dit eers aan die einde van vers 12.

Aangesien die evangelie nie deur mense uitgedink is nie, volg dit dat ...

3. Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie

Die evangelie van Christus was nie 'n uitvindsel van mense, sodat dit teen daardie tyd toe Paulus gaan preek het, al 'n gevestigde tradisie onder die mense was nie. Daarom sê Paulus dat hy nie die evangelie van 'n mens kon ontvang nie en ook nie by 'n mens kon geleer het nie.

Dit waarvan die valse leraars Paulus beskuldig, is juis waaraan hulleself skuldig is. Paulus weet dit, want hy was self 'n Fariseër. Die sogenaamde goeie boodskap wat hulle verkondig, is deur mense uitgedink en die jonger geslag het dit van die ouer geslag ontvang toe hulle dit by die ouer geslag geleer het.

Hulle boodskap is deur mense uitgedink, omdat die wet en die besnydenis nooit aan die voorvaders gegee is as 'n middel tot verlossing nie. Die wet is immers gegee as die nuwe lewenstyl van hulle wat uit die slawerny bevry is. Die besnydenis was immers die bevestiging van die Here dat Hy met die een wat besny word 'n saak het. Deur die besnydenis toon die Here aan dat Hy beslag lê op die lewe van die besnedene.

Die mense het egter van die wet en die besnydenis werke van die mens gemaak waardeur hulle die guns van God probeer wen. En hierdie siening oor die wet en die besnydenis het so diep gewortel geraak onder die Jode dat dit tradisie geword het

wat van die een geslag aan die volgende geslag ingeprint is.

Daar is vir Paulus 'n baie duidelik verskil in die oorsprong van die valse leraars se boodskap en die oorsprong van die evangelie wat Paulus verkondig. Die evangelie is nie deur 'n mens uitgedink nie. Paulus het dit daarom nie van 'n mens ontvang of by 'n mens geleer nie.

4. maar deur 'n openbaring van Jesus Christus

Die oorsprong van die evangelie is Jesus Christus self en Hy het die evangelie aan Paulus geopenbaar. Paulus sê dat hy die evangelie uit Jesus Christus se eie mond gehoor. Wat hy dus verkondig is die woorde van die Here Jesus self.

Hierdie openbaring het op die pad na Damaskus gebeur (Hand 9:3-5). Paulus het vroeër koue feite oor die evangelie van Christus gehad. Hy het genoeg van die evangelie geweet om te weet dat hy dit wil haat en die volgelinge daarvan wil uitroei. Maar dit was koue kliniese feite. Voor die openbaring van Jesus Christus, was hierdie feite nog nie vir Paulus waarheid nie.

Dit was eers daar op die pad na Damaskus toe Jesus Christus in die verblindende lig van sy heerlijkheid en heiligheid aan Paulus verskyn het en vir Hom gesê het dat Hy Jesus is wat deur Paulus vervolgt word dat Paulus die waarheid van die evangelie besef het. Dit is in daardie oomblikke wat die Heilige Gees die omkeer in Paulus se lewe teweeg gebring het.

Jesus wat self die inhoud van die evangelie is, het Homself aan Paulus geopenbaar, sodat wat Paulus ook al in verband met Jesus verkondig het, Jesus se eie woorde is. Vir mense van watter tyd ook al, is so 'n stelling soos wat Paulus maak oor die openbaring oorweldigend. Mense is van nature skepties en wil dit nie sommer glo nie. Daarom gaan Paulus voort om vanuit die geskiedenis – sy eie geskiedenis – aan te toon dat die evangelie inderdaad die openbaring van Jesus Christus aan hom is. Hy toon dit aan deur te wys op dit wat gebeur het voor sy bekering, dit wat gebeur het tydens sy bekering, en dit wat gebeur het na sy bekering. Al hierdie gebeure wys daarop dat die evangelie inderdaad die openbaring van Jesus Christus.

Gebeure voor Paulus se bekering – Verse 13 en 14

1. Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom

Paulus se vroeëre lewenswandel in die Jodedom was algemeen bekend onder die Christene. Die Christene het geweet dat hulle uiters versigtig moes wees vir Paulus. Hy het niks ontsien om Christene in die tronk te kry nie. Daarby het Paulus ook nog die verstandelike vermoë gehad om sy vroeëre standpunte goed te verdedig en te bevorder.

Sommige van die Christene in Galasië sou moontlik by ander Christene uit Judea gehoor het van Paulus se vroeëre optrede. Dit is ook moontlik dat die valse leraars juis Paulus se vroeëre optrede in die Jodedom gebruik het om sy apostelskap en die evangelie wat hy verkondig het in onguns te bring.

Maar die kans is nog groter dat Paulus self aan die Galasiërs vertel het hoe sy lewe vroeër was. In van die ander briewe wat hy geskryf het, noem hy ook wat hy vroeër gedoen het. Deur te wys op sy vroeëre lewe wil hy aan die wat hom hoor duidelik maak hoe groot is die genade van God in Jesus Christus regtig.

Daar is twee sake in verband met sy vroeëre lewe in die Jodedom wat Paulus hier uitlig. Die eerste saak is sy vervolging van die kerk. Die tweede saak is sy uitnemende karakter onder die Fariseërs.

2. dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het;

Paulus het die kerk van God uitermate vervolg. Daar was geen grense wat Paulus kon terughou in die vervolging van die kerk nie. Na die moord op Stefanus, wat Paulus ook goedgekeur het, het daar 'n hewige vervolging teen die kerk in Jerusalem uitgebreek.

Die privaatheid van huise het Paulus nie gekeer om die kerk te verwoes nie. Hy het van huis tot huis gegaan om die Christene in Jerusalem uit te snuffel soos 'n hond wat spoorsny. En in elke huis waar hy Christene teëgekome het, het hy hulle uitgesleep en in die tronk laat sit. Die geslag van die mense het nie eers vir hom saak gemaak nie. Hy het mans en vrouens uitgesleep en in die tronk gesit (Hand

8:3).

Paulus het soos 'n briesende buffel te kere gegaan. Hy het moord en dreiging geblaas teen die volgelinge van die Here Jesus. As Christen was jy nie veilig met Paulus in die nabyheid nie. Maar Jerusalem was vir Paulus nie genoeg nie. Judea was selfs te min vir hom. Daarom het hy na die hoëpriester gegaan en briewe gevra na die sinagoge in Damaskus sodat hy ook die Christene wat hy daar sou vind, mans sowel as vrouens, geboeid na Jerusalem kan bring.

Geen grens was vir Paulus te hoog om die kerk van die Here Jesus by te kom en uit te roei nie. Paulus wou enige teken van die bestaan van die kerk van die Here van die aangesig van die aarde laat verdwyn. Daarom het hy met die uiterste wreedheid soos 'n wilde dier te kere gegaan teen die kerk.

3. en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral 'n yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders.

Onder diegene wat saam met Paulus in die Jodedom gelewe het, het Paulus by verre bo hulle uitgestyg. Hy was, om dit so te stel, 'n Fariseër van die Fariseërs. Hy het die vervolgers van die kerk gewys hoe dit gedoen moet word.

Hy is as Fariseër opgelei by Gamaliël. Wat die wetlike voorskrifte betref, het hy almal nagekom (Fil 3:3-6). Wat sy kennis van en redeneer vermoë oor die wet betref, was daar niemand wat by Paulus kon kers vashou nie.

Uit Paulus se eie geskiedenis van voor sy bekering is dit dus baie duidelik dat hy hom nie aan die evangelie van Jesus Christus gesteur het nie. Hy het nooit in daardie tyd 'n sweempie van twyfel gehad of hy as Fariseër reg was nie. 'n Christen sou nooit die geleentheid gehad het om met Paulus te redeneer nie, want in 'n redenasie wou jy nie met Paulus betrokke raak nie. Hy was eenvoudig net te slim met die wet en die oorleweringe van die voorvaders. Buitendien het jy jouself nie sommer bekendgestel as 'n Christen met Paulus in die omtrek nie.

Onomwonde stel Paulus dan sy lewe voor sy bekering as bewys dat hy die evangelie

van die genade God in Christus beslis nie by 'n mens ontvang of geleer het nie. Om iemand soos Paulus in sy spore om te draai van 'n vervolger van die kerk na 'n verkondiger van die evangelie van Christus, is iemand groter as 'n mens nodig.

Gebeure tydens Paulus se bekering – Vers 15 en 16a

- 1. Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig**

Die kontras tussen verse 13 tot 14 en dit wat hier in vers 15 en 16 geskryf staan, is dadelik herkenbaar. Die kontras word veral raakgesien in die onderwerp van die werkwoorde. In verse 13 en 14 het Paulus geskryf oor wat hy vroeër gedoen het. En telkens sê hy: *Ek het die kerk vervolg en verwoes, ek het uitgestyg bo my tydgenote en ek het my beywer vir die oorleweringe van die voorvaders.*

Hier in verse 15 en 16 is God telkens die onderwerp van die werkwoorde. God het hom afgesonder voor sy geboorte, God het hom deur sy genade geroep, dit het God behaag om sy Seun aan hom te openbaar.

Dit was nie deur 'n besluit van mense dat Paulus Jesus Christus leer ken het nie. Dit was nie vir die plesier van mense dat hy Christus ontmoet het nie. Dit het God behaag – dit is tot plesier van God dat Paulus Jesus Christus ontmoet het en leer ken het. Nog eens, dit was nie oor iets wat in Paulus was wat die Here oorgehaal het om dit te doen nie. Hy het Paulus uit genade geroep.

Die soewereiniteit van God word voorop gestel. Dit het God behaag – Hy wil dit doen – om sy Seun aan Paulus te openbaar. Sommige mense sou wou sê dat God dit gedoen het omdat Hy gesien het met hoeveel ywer Paulus werk en daarom gedink het as Hy maar net vir Paulus kan oorkry na Hom toe, sal Hy baie dinge gedoen kan kry. Wie so redeneer, gaan van die veronderstelling uit dat God iets in Paulus opgemerk het wat Hom oorgehaal het om Paulus te bekeer. Dit is nie waar nie en Paulus skryf twee redes neer hoekom dit nie waar is nie.

Die eerste rede: God het Paulus al voor sy geboorte afgesonder. Paulus het

absoluut niks met hierdie bekering te doen nie. Hier is dit God alleen wat aan die werk is. Hier is dit God alleen wat uitkies en omdat Hy uitgekies het, bekeer Hy ook die mens.

Wanneer Paulus sê dat hy al voor sy geboorte afgesonder is, is dit nie sy eie siening van sake nie. Die bewyse dat God so werk, lê in die Ou Testament besaai. Jakob is voor sy geboorte bo sy broer Esau deur God verkies (Rom 9:10-13). Jeremia is voor sy geboorte al bestem om 'n profeet te wees (Jer 1:5). Paulus se apostelskap is nie oor wie hy is nie maar oor wie God is. Voor sy geboorte het God hom al bestem om 'n apostel te wees. Paulus het dus niks met sy bekering en apostelskap te doen nie.

Die tweede rede: God het vir Paulus deur sy genade geroep. Genade is werk wat God alleen kan doen en Hy doen dit omdat Hy wil. Uit die vorige twee verse word dit duidelik dat Paulus nie iemand is wat die guns van God verdien nie. Hy het teen God, teen Christus en teen mense geveg soos 'n wilde dier. Hy was daarop uit om die Naam van Jesus Christus van die aardbodem af te laat verdwyn. Daar was dus in Paulus geensins die wil en begeerte om Jesus te leer ken nie. En tog roep God hom. God bekeer hom. God openbaar sy Seun aan hom.

Paulus het nie die genade en barmhartigheid van die Here gesoek nie. As Fariseër was hy vas daarvan oortuig dat hy die guns van God het op grond van sy afstamming. Hy was vas daarvan oortuig dat die genade en barmhartigheid van God vir al hoe meer word deur sy ywer om nougeset aan die wet te lewe en die kerk van Jesus Christus uit te roei. Maar daar op die pad na Damaskus het die barmhartigheid en genade van God vir Paulus gevind.

Paulus het voort gestoom met een doel voor oë – om elke Christen in die tronk te kry en dood te kry. Met sy barmhartigheid en genade stop die Here vir Paulus in sy spore en keer hom 180° om.

Dan maak Paulus die opmerking: God het sy Seun nie net *aan* Paulus geopenbaar nie, maar *in* Paulus geopenbaar. Paulus sê self dat hy die opgestane Jesus Christus gesien het (1 Kor 9:1; 15:8-9). Christus het aan hom verskyn op die pad na Damaskus. Paulus het ook sekere feite aangaande Jesus geken, daarom het hy as

Fariseër Jesus se Naam probeer uitwis. Maar tydens sy bekering het God verder gegaan. Deur die Heilige Gees het Hy Paulus innerlik verlig om die feite aangaande Jesus te begryp. Jesus is nie 'n bedrieër nie. Hy is werklik die Messias, die Seun van die lewende God. Paulus skryf oor hierdie innerlike verligting later aan die Korintiërs: **Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus** (2 Korintiërs 4:6 AFR53).

Die openbaring van Christus in Paulus het deel van Paulus geword sodat hy oor niks anders wil praat as oor Christus nie (1 Kor 2:2). Christus het so deel van Paulus se hele lewe geword dat hy later in hierdie brief sê dat dit nie meer hy is wat lewe nie, maar Christus wat in hom lewe (Gal 2:20). Inderwaarheid is Paulus se lewe in die lewe van Christus opgeneem. Christus is op weg met sy kerk en die uitvoering van God se Raadsplan en Hy maak Paulus 'n onderdeel daarvan.

God het al hierdie dinge in en aan Paulus gedoen, sodat hy Jesus Christus se evangelie – die goeie boodskap – aan die heidene kan verkondig. Wat 'n totale ommekeer in een mens se lewe. Paulus wat groot word as Jood, wat opgelei word as Fariseër, in wie dit ingeprent is dat die Jode en hulle alleen die uitverkore volk van God is en die heidene is net goed genoeg om die vure van die hel aan die gang te hou, juis hy word deur God 'n apostel gemaak vir die heidene. So 'n ommekeer kan net deur God alleen bewerk word.

Met hierdie gebeure tydens sy bekering het Paulus nog eens aangetoon dat die evangelie wat hy verkondig nie van 'n mens afkom nie en ook nie deur 'n mens uitgedink is. Daarmee saam het hy weer bevestig dat sy apostelskap inderdaad deur God alleen bestem is. Maar Paulus is nog nie klaar nie. Hy wil ook deur die gebeure na sy bekering te noem daarop wys dat hy nie onderrig van enige mens ontvang het nie.

Gebeure na Paulus se bekering – Verse 16b tot 24

- 1. het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie, en ook nie na Jerusalem**

opgegaan na die wat voor my apostels was nie

Hierdie woorde is uiteindelik die hoofsin van die sin waarmee Paulus in vers 15 begin het. Paulus het nie dadelik na sy bekering op die pad na Damaskus enigiemand anders geraadpleeg nie. Hy het met geen mens gepraat oor dit wat op pad na Damaskus gebeur het nie. Hy het nie die openbaring van Jesus Christus met iemand bespreek om dit met hulle te vergelyk nie.

Ananias het wel na Paulus gegaan in Damaskus, maar Paulus het nie met hom bespreek wat gebeur het nie. Ook het Paulus nie dit wat aan hom geopenbaar is met Ananias se verstaan en leef van die evangelie vergelyk nie. Paulus het ook nie na Jerusalem gegaan om met hulle wat voor hom apostels was te praat nie. Dus kan niemand beweer dat Paulus die evangelie wat hy verkondig by die ander apostels geleer het nie.

Op hierdie stelling brei Paulus nou uit met historiese feite. Die ander apostels wat nog in Jerusalem was het geen aandeel aan die evangelie wat Paulus verkondig nie. .As bewys vir hierdie stelling gee hy nou drie alibi's

Eerste Alibi

2. maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus.

Hierdie woorde is dan die eerste alibi. In Handeling 9 lees ons die volgende aangaande die dae direk na Paulus se bekering:

10 En daar was 'n dissipel in Damaskus met die naam van Ananías; en die Here het vir hom in 'n gesig gesê: Ananías!

En hy antwoord: Hier is ek, Here.

11 Toe sê die Here vir hom: Staar op en gaan na die straat wat genoem word Reguitstraat, en vra in die huis van Judas na 'n man met die naam van Saulus van Tarsus, want kyk, hy bid; 12 en hy het in 'n gesig 'n man met die naam van Ananías sien inkom en hom die hande oplê, sodat hy weer kon sien.

13 Maar Ananías antwoord: Here, ek het van baie mense aangaande hierdie man gehoor hoeveel kwaad hy u heiliges in Jerusalem aangedoen het; 14 en hy het hier volmag van die owerpriesters om almal te boei wat u Naam aanroep.

15 Maar die Here sê vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel. 16 Want Ek

sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly.

17 En Ananías het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word.

18 En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop. 19 En nadat hy voedsel gebruik het, het hy weer sterk geword.

En Saulus was 'n paar dae saam met die dissipels in Damaskus. 20 En hy het dadelik Christus in die sinagoges verkondig, dat Hy die Seun van God is. 21 En almal wat hom gehoor het, was verbaas en het gesê: Is hy nie die man wat in Jerusalem uitgeroei het die wat hierdie Naam aanroep, en hier gekom het met die doel om hulle geboeid na die owerpriesters te bring nie?

22 Maar Saulus het al meer krag ontvang en die Jode wat in Damaskus woon, in die war gebring deur te bewys dat Hy, Jesus, die Christus is.

23 En ná geruime tyd het die Jode beraadslaag om hom om te bring. 24 En hulle plan het aan Saulus bekend geword. En hulle het die poorte dag en nag bewaak, dat hulle hom kon ombring; 25 maar die dissipels het hom geneem en in die nag deur die muur neergelaat deur hom in 'n mandjie te laat afsak (Handelinge 9:10-25 AFR53))

Tydens die drie dae wat Paulus niks kon sien nie, was God die Heilige Gees met Paulus besig. Van hierdie werk van die Heilige Gees word ons niks vertel nie, dit is maar alleen 'n afleiding wat gemaak word, aangesien die Heilige Gees en Jesus Christus nooit werkloos sit nie.

Wat egter van belang is om hier op te let wat het gebeur nadat Ananias by Paulus was en hy gedoop is. Paulus het nog 'n paar dae in Damaskus saam met die dissipels deurgebring (Hand 9:19b). Hy het egter nie niks gedoen in daardie paar dae nie. Hy het dadelik in die sinagoges verkondig dat Christus die Seun van God is (Hand 9:20). Paulus was dus reeds in daardie stadium so goed toegerus dat hy gepreek het – hy het immers die openbaring van Jesus Christus self gehad en hy was vervul met die Heilige Gees.

Dit moes dan na hierdie paar dae in Damaskus gebeur het dat Paulus na Arabië gegaan het. Die Arabië waarvan hier sprake is, is nie die Arabië – Saoedi-Arabië – wat ons ken nie. Die hele gebied rondom Damaskus het bekend gestaan as Arabië in daardie dae en was onder die regering van koning Aretas (vgl. 2 Kor 11:32-33).

Die afleiding wat gemaak word, is dat Paulus vir die volgende drie jaar (vgl. Gal 1:18) in die omgewing van Damaskus en by tye in Damaskus was. Daar word bespiegel deur Chrusostomos dat Paulus in daardie gebied die evangelie aan 'n barbaarse en wrede volk verkondig het. John Stott merk, na aanleiding van Galasiërs 1:16b, egter op dat Paulus eerder die stilte en eensaamheid opgesoek het. Daar het hy in die drie jaar wat verloop het, nagedink oor die Ou Testament, oor die feite van Jesus se lewe en dood wat hy reeds geken het en oor sy eie bekering. Sodoende is die volle rykdom en omvang van die evangelie van die genade van God aan Paulus geopenbaar.

Daar is ook deur sommige mense opgemerk dat hierdie drie jaar 'n kompensasie was vir Paulus, aangesien die ander apostels drie jaar onderrig van Jesus ontvang het wat Paulus nie gehad het nie. Paulus het dus vir drie jaar lank die Here Jesus vir homself gehad om onderrig te word.

Die eerste alibi strek dus oor 'n tydperk van drie jaar waarin Paulus nie met ander mense gepraat het oor die evangelie om dit by hulle te leer nie. Jesus Christus het dit aan hom openbaar. En waar Paulus wel tussen ander mense was, het hy Christus as die Seun van God gepreek.

Tweede Alibi

3. Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly

Aan die einde van Paulus se verblyf en bediening van drie jaar in Arabië en Damaskus, moes Paulus daar weg. Die Jode in Damaskus was daarop uit om Paulus dood te maak. Die gelowiges het egter daarvan te hore gekom en hom een nag in 'n mandjie oor die stadsmuur laat sak (Hand 9:23-25).

Waarheen nou? Eers na drie jaar – drie jaar wat Paulus al die evangelie van God se

genade verkondig het – is Paulus na Jerusalem toe. Die valse leraars sou na alle waarskynlikheid dit duidelik gemaak het dat Paulus wel in Jerusalem was en met die apostels te doene gekry het. En hulle sou dit gebruik het om die Galasiërs te laat verstaan dat Paulus die evangelie by die apostels gehoor het.

Paulus verswyg nie sy besoek aan Jerusalem nie. Hy het so pas gesê dat hy nie die wat voor hom apostels was in Jerusalem gaan raadpleeg het nie (Gal 1:17). As hy dan nie gegaan het om die apostels te raadpleeg nie, wat het hy dan in Jerusalem gaan doen? Paulus stel dit baie duidelik **om met Petrus kennis te maak**.

Die woord wat ons vertaal *om kennis te maak (historesai)* word ook gebruik om te sê wat 'n toeris doen – hy het gegaan om bekend te word met Petrus. Paulus is nie deur die apostels in Jerusalem opgeroep om by hulle te kom leer of om die evangelie wat hy verkondig by hulle te verdedig nie. Paulus het dus nie 'n toelatingseksamen in Jerusalem gaan aflê nie. Hy het op eie inisiatief Jerusalem toe gegaan om Petrus te ontmoet.

In Handeling 9 hoor ons hoe hierdie eerste besoek van Paulus as apostel afgeleef het:

26 En toe Saulus in Jerusalem aankom, het hy probeer om by die dissipels aan te sluit; maar almal was vir hom bang, omdat hulle nie geglo het dat hy 'n dissipel was nie. 27 Maar Bárnabas het hom geneem en na die apostels gebring en hulle vertel hoe hy op die pad die Here gesien het en dat Hy met hom gespreek het, en hoe hy in Damaskus vrymoediglik in die Naam van Jesus gespreek het. 28 En hy het saam met hulle in— en uitgegaan in Jerusalem 29 en vrymoediglik gespreek in die Naam van die Here Jesus, en ook met die Griekssprekende Jode gepraat en geredetwis, maar hulle het probeer om hom dood te maak. 30 En toe die broeders dit agterkom, het hulle hom na Cesaréa afgebring en hom na Tarsus weggestuur.

31 En die gemeentes deur die hele Judéa en Galiléa en Samaría het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder (Handeling 9:26-31 AFR53).

Paulus wou graag met Petrus kennis maak, want Petrus was een van die binnekring van Jesus se twaalf dissipels. As 'n nuwe Christen en apostel wou Paulus nog meer van Jesus se optrede te wete kom. Maar Paulus het dit nie so maklik in Jerusalem gehad nie. Die gelowiges was egter nog skrikkerig vir hom en het hom nie sommer op sy woord geneem nie.

Barnabas het hom egter oor Paulus ontferm. Die Heilige Gees het Barnabas oortuig dat Paulus inderdaad 'n bekeerling van Jesus Christus is. Of miskien was Barnabas bekend met iemand uit die Christene in Damaskus by wie hy gehoor het hoe Paulus daar die Naam van Jesus verkondig het. Hoe dit ook al sy, Barnabas het Paulus aan Petrus voorgestel.

Gedurende die tyd wat Paulus in Jerusalem was – en hy sê self dit was maar net vyftien dae – het Paulus nie rustig saam met Petrus gesit en kuier nie. Daar was dus nie tyd dat Paulus by Petrus die evangelie kon leer soos wat die valse leraars te kenne wou gee nie. Paulus het oral in Jerusalem saam met die Christene rondgegaan om te bedien. Paulus het self die evangelie bedien, vertel Lukas in Handeling. Lukas vertel ook dat dit juis Paulus se prediking aangaande Jesus was wat veroorsaak het dat Paulus en die Griekssprekende Jode in 'n woordewisseling met mekaar betrokke geraak het (Hand 9:29).

Hierdie woordesryd het daartoe aanleiding gegee dat die Jode Paulus wou vermoor. En vir 'n tweede keer in sy lewe as apostel moes Paulus vir sy lewe vlug. In albei die gevalle waar Paulus moes vlug, was dit die gelowiges wat hom te hulp gekom het en hom veilig laat ontkom het.

Paulus het dus geensins tyd gehad om by Petrus die evangelie te leer of te ontvang nie.

4. en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here.

Buiten Petrus het Paulus niemand van die ander apostels ontmoet nie, behalwe Jakobus die broer van Jesus. Paulus het niemand van die ander apostels ontmoet nie omdat hulle ook besig was om die Woord van die Here te bedien. Daar was

immers nie net in Jerusalem 'n kerk nie. Die Christene het weens die vervolging wat uitgebreek het na Stefanus se steniging oor die hele Judea en Samaria verstrooi geraak. Orals was daar Christene wat bedien moes word.

Jakobus die broer van Jesus was egter nie 'n apostel nie, maar hy was later die leier of predikant in die kerk in Jerusalem. Dit blyk dat Jakobus ook die voorsitter van die vergadering in Jerusalem was waarvan ons in Handeling 15 lees (Hand 15:13 ev). Paulus sou graag ook met Jakobus wou gesels het om dieselfde rede as wat hy met Petrus wou gesels het. As daar iemand in Jerusalem was wat persoonlik vir 'n lang tyd met Jesus te doen gehad het toe Hy nog op die aarde was, was dit hierdie twee manne.

5. En wat ek julle skryf—voor die aangesig van God, ek lieg nie!

Wanneer 'n mens in ag neem vir hoe 'n kort tydjie Paulus in Jerusalem was, dat hy net vir Petrus en Jakobus ontmoet het en dat hy inderhaas uit Jerusalem weggebring is, is dit verregaande om te wil sê dat hy in daardie twee weke die volle raad van God by die apostels in Jerusalem sou geleer het.

En om alle twyfel uit die weg te ruim, het Paulus met 'n eed bevestig dat hy die waarheid en die volle waarheid praat. Met die woorde in vers 20 roep Paulus vir God self as getuie in vir dit wat hy geskryf het met hom gebeur het en waar hy die evangelie van Jesus Christus vandaan gekry het.

Daar bly nog een alibi oor wat Paulus gaan vertel.

Derde Alibi

6. Daarna het ek gekom in die streke van Sírië en Cilícië

Afgesien van daardie kort besoek van twee weke aan Jerusalem, het Paulus verder niks met Jerusalem te doen gehad nie, en daarom ook nie met die apostels nie. Nadat die gelowiges in Jerusalem Paulus weggebring het na Sesarea toe (Hand 9:30) het hulle hom na Tarsus gestuur. Tarsus is Paulus se geboortedorp en grootword plek.

Paulus was dus op pad na die verre noorde waar niemand van die ander apostels

was nie. Al die ander apostels was in Jerusalem, Judea en Samaria. Dit is dus baie duidelik dat Paulus nie na sy besoek aan Jerusalem die evangelie by een van die apostels kon ontvang of leer nie.

Wat het Paulus in Sirië en Cilicië gaan doen? Dit is moontlik dat Paulus by die gelowiges in Antiogië in Sirië aangedoen het. Dit is die gelowiges wat daarheen gevlug het na die dood van Stefanus en die begin van die vervolging in Jerusalem. Dit is ook moontlik dat Paulus op pad soheen by Damaskus aangegaan het om die gelowiges daar te versterk. Van Sirië af is hy na Cilicië waar Tarsus geleë is.

Oor hierdie deel van Paulus se lewe weet ons nie veel nie. Die eerste keer wat ons weer van Paulus hoor na die gebeure in Jerusalem tydens sy eerste besoek as apostel daar, is wanneer Barnabas vir Paulus in Tarsus gaan haal om hom met die bediening in Antiogië in Sirië te help (Hand 11:25-26).

7. en ek was persoonlik onbekend by die Christelike gemeentes van Judéa; hulle het net gehoor: hy wat ons vroeër vervolg het, verkondig nou die geloof wat hy vroeër besig was om uit te roei.

Die gevolg van Paulus se afwesigheid in Jerusalem was dat die gemeentes van Judea Paulus nie persoonlik geken het nie. Hulle het alleenlik hoorsê getuienis van Paulus gehad. Hulle het gehoor dat hy wat vroeër die gelowiges vervolg het, besig is om die geloof te verkondig wat hy vroeër probeer uitroei het.

Paulus het nie die evangelie by die apostels geleer nie. Hy het dit ook nie by enige ander gelowiges in Judea gehoor of geleer nie, want hulle het hom nie persoonlik geken nie.

8. En hulle het God verheerlik in my.

Omdat daar so 'n duidelike omkeer in Paulus – die vroeëre vervolger van Jesus se kerk – se lewe gekom het, het selfs die Christene in Judea wat Paulus nie persoonlik geken het nie God oor Paulus verheerlik. Hulle het erken dat dit inderdaad net die Here se werk is wat van Paulus 'n verkondiger van die geloof kon maak het.

Die valse leraars wat daarop uit was om Paulus se apostelskap en die evangelie wat

hy verkondig van alle gesag te stroop, het juis daarop gehamer dat Paulus die evangelie by mense gehoor het en dit ter wille van die heidene in Galasië aangepas het deur die besnydenis daaruit weg te neem. Met hierdie laaste woorde word daar koue water op die warm kole van die valse leraars se argumente uitgegooi. Selfs die gewone lidmate – nie die apostels nie – het erken dat dit wat in Paulus gebeur het net van die Here af kon gekom het. Dit is net die Here wat 'n vervolger van sy kerk 'n verkondiger van sy evangelie van genade kan maak.

Met hierdie drie alibi's het Paulus dan aangetoon dat hy niks met die apostels en niks met Jerusalem te doen gehad het wanneer dit kom by sy apostelskap en die evangelie wat hy verkondig nie. Op die pad na Damaskus het Paulus die opgestane Jesus Christus gesien en Hy het hom aangestel as apostel. Die evangelie wat Paulus verkondig is deur God aan Paulus geopenbaar. Mense het niks met sy toerusting en onderrig in die evangelie te doen gehad nie.

Wie Paulus dus wil verwerp, verwerp ook vir God en vir Jesus Christus, aangesien Paulus net verkondig wat hy van God die Vader en Jesus Christus in openbaring ontvang het. Paulus tree net op met die gesag wat Christus aan hom gegee het om op te tree, naamlik as apostel van Jesus Christus vir die heidene.